

Sing vooraf staande: Psalm 147:2 (p. 704)

- 2 Hy heel gebrokenes van hart, / en Hy verbind hul in hul smart.
Sy oë speur oneindig ver; / Hy tel en roep die laaste ster;
sy krag en kennis, ongemeet, / oorwelf al wat ons ken en weet.
Sagmoediges verhef Hy weer, / maar goddeloses werp Hy neer.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 65:2 (p. 314)

- 2 Dis waar, 'n donker skuldverlede / leef in ons heugenis;
maar al ons ongeregtighede / word deur U uitgewis.
Welsalig wie in skuld verlore, / versoeningswoord hoor ruis;
vir wie U uitkies, lank tevore, / 'n woonplek in u huis.

Geloofsbelydenis Nicea

Wet

Psalm 31:2 (p. 143)

- 2 O neig u oor en red 'n lyder, / wees my by stormgerug / 'n rots om in te vlug!
Wees my 'n vesting, o bevryder, / wat op 'n berg verhewe, / my veiligheid kan gewel!

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

Psalm 146:6 (p. 701)

- 6 Dis die HEER se mededoë / wat die blinde oog verlig;
wie in stof lê neergeboë, / word deur Hom weer opgerig.
Hy bemin die wat opreg / wandel in sy woord en weg.

Skriflesing: Nehemia 5

Teks: Nehemia 5:17

En die Jode, die leiers, honderd-en-vyftig man, sowel as die wat uit die heidene rondom ons na ons toe gekom het, was aan my tafel.
(Nehemia 5:17 AFR53)

Ter wille van mense of sake wat deel is van ons en eie is aan ons in Jesus Christus, vra die Here dikwels van ons om meer op te offer as wat normaalweg van ons verwag word.

1. Verlossing in die nood

2. Eie offervaardigheid

1. Verlossing in die nood

In die eerste gedeelte het die volk op allerhande maatskaplike maatreëls besluit om die armes weer op te hef uit die nood waarin hulle beland het. Die tweede gedeelte handel oor Nehemia se eie onbaatsugtigheid en offervaardigheid vir sy mense.

Kom ons kyk eers na die maatskaplike agtergrond.

- Die Jode moes vir 52 dae ononderbroke werk aan die stadsmuur – dit het tot gevolg gehad dat die mense nie werklik aan hulle eie sake aandag kon gee nie.
- Die rykes kon die druk van so 'n toestand nog hanteer, maar die armes het daardeur dieper in hulle nood vasgeval geraak.

Daarby was die belastings wat oor 'n lang tydperk op die volk gehef was, geweldig swaar om te dra.

- Finansieel was die gevolg dat sekere dele van die volk totaal verarm het.
- Daar het 'n groot afstand ontstaan tussen die rykes aan die bopunt van die leer en die armes aan die onderpunt.

Die muurbouery het egter weer 'n gevoel van eenheid onder die volk bewerk en die afstand wat daar was tussen die twee hoofgroepe (rykes en armes) het gekrimp.

- Almal het gevoel dat hulle weer deel is van dieselfde volk.
- Dit het gemaak dat die armes ook weer hulle selfrespek herwin het.

Dis hoe dit gekom het dat daar in vers 1 geskryf staan dat die arm manne en hulle vrouens saam 'n klag gaan lê het oor die flagrante skending van hulle regte in hulle armoede en die posisie wat hulle naas die rykes moes inneem.

Die klagtes was baie ernstig.

- Dit het hoofsaaklik gegaan oor uitbuiting, wat so erg geraak het dat die armes hulle kinders aan die rykes moes verpand vir net genoeg koring om aan die lewe te bly.
- Dit het net doodgewoon beteken dat die kinders slawearbeid moes doen om die skulde te betaal wat hulle ouers aangegaan het, om hulle ouers aan die lewe te hou.

Die slawearbeid sou in stryd wees met Levitikus 25:39 (vergelyk ook 2 Konings 4:1).

- Hierdie gedeelte bepaal onder andere dat Jode wat verslaaf geraak het as gevolg van skuld, na sewe jaar weer vrygestel moes gewees het.
- Die leiers in die tyd van Nehemia het hulle dus niks gesteur aan die wette wat die Here vir hulle vasgelê het nie.
- Op hierdie manier is die armes onder hulle geweldig verontreg.

Uit vers 3 lei ons af dat daar waarskynlik ook in dié tyd 'n groot droogte moes gewees het, want die kleinboere was as gevolg van misoeste ook in die moeilikheid.

- Hulle het nie nodig gehad om hulle kinders te gaan verpand nie, maar hulle moes in die plek daarvan hulle eiendom verpand – hulle lande en hulle wingerde.
- Hulle kon ook nie terugbetaal nie, en is toe uit hulle besittings uit.

Ander van die teruggekeerdes wat finansieel vasgebrand het, het by hulle volksgenote hulle grond gaan verpand om aan die koning sy swaar belastings te kon betaal.

- Hulle het ook arm en sonder besittings anderkant uitgekom.

Die standaardooreenkoms in daardie dae was dat die rente ten minste 'n derde van die geleende bedrag per jaar moes wees.

- Indien die terugbetaling binne een jaar geskied, moes die lener ten minste dubbeld die geleende bedrag aan die lener betaal.
- Dit was dan ook die grond vir die klag: Die Here het duidelik voorsiening gemaak dat die Israeliete nie by volksgenote woekerwins mag geneem het nie. Vergelyk Eksodus 22; 24; Levitikus 25:36; Deuteronomium 23:19; Psalm 15:5; Esegïel 18:8.

Die klagtes was bitter. Veral omdat die eisers alles ingepalm het en hulle volksgenote vertrap het ter wille van hulle eie verryking.

- Die armes kla dat hulle vernederd en magteloos moet toekyk hoe hulle kinders slawe van die rykes word en hoe hulle dogters deur die rykmanne onteer word as byvroue.
- Daarby is hulle heeltemal sonder besittings gelaat in hierdie hele proses.

Die volksvergadering vind plaas op die tydstip dat Nehemia die volk aanspoor om die stadsmuur te bou wat hulle teen hulle vyande moet beskerm.

- Die betekenis daarvan moet nie misgekyk word nie, want dit maak juis Nehemia se oë daarvoor oop dat hier 'n innerlike verval in die volk aan die gang is waarteen geen stadsmuur gaan help nie.
- Die innerlike verval is ook erger in sy verval as die aanslae van die vyand van buite af.

Daar is blykbaar twee vergaderings belê.

- Die eerste een was met die volksleiers, maar hulle onwilligheid het nie gehelp om die probleem op te los nie.
- Nehemia het van die begin af die probleem gehad dat die volksleiers nie hulle “nek voor die Here wou buig nie”, soos hy dit gestel het (vergelyk 3:5).

Toe belê hy 'n volksvergadering teen hulle. En by hierdie volksvergadering het Nehemia en die volk die leiers daarvan beskuldig dat hulle teen die wet van die Here in woekeraars is wat die Here se volk verniel.

Let op na die verskil tussen “ons” en “julle”.

- Nehemia en sy groepie is die “ons” wat al hulle kragte ingespan het om die Jode te bevry van die Babiloniese ballingskap.
- “Julle” is die ryk Jode in Jerusalem en omgewing wat met hulle geldwolwery die volk weer verslaaf, net onder nuwe eienaars: Eers was dit die Babiloniërs en nou is dit ryk Jode – hulle eie mense/volksgenote.

Alles draai uiteindelik om persoonlike verryking.

- Daarop het die rykes geen antwoord gehad nie.
- Dit moet gesien word as 'n skulderkenning.

Nehemia wys die rykes daarop dat die vyande van die Here hulle metodes om 'n groot deel van die volk weg te ploeg, verwelkom.

- Die heidene smaad die volk van die Here omdat hulle mekaar verneder, verontreg en verwoes.
- Dit maak net die heidene se taak soveel makliker as hulle dit wil doen.

Nehemia tree egter nie as 'n regter teenoor hulle op wat hulle straf nie.

- Al wat hy van hulle vra, is hulle gehoorsaamheid aan die Here.
- Nehemia maak homself ook deel van die oplossing: Hy was ook 'n geldskierter, en hy sal, net soos die rykes, die armes hulle skuld kwytsteld.
- Hulle moet almal hulle uitstaande skulde teenoor medegelowiges afskryf.

Almal volg Nehemia se goeie voorbeeld. Die verpande grond, besittings en kinders word sommer dieselfde dag nog teruggegee.

Nehemia het dadelik die priesters ingeroep om hierdie ooreenkoms met 'n eed geldig te maak.

- Hierdie leier het sy volk baie goed geken – hy het geweet dat hulle in die dae van Sedekia ook die slawe vrygestel het, maar dat die volk destyds onmiddellik weer die mense teruggeroep het om slawe te wees (vergelyk Jeremia 34:8-11).
- Daarom het hy hulle nou summier laat sweer dat hulle hulle woord sal hou.

Toe voer Nehemia 'n simboliese handeling uit.

- Die Semiete het hulle klere op 'n bepaalde manier gevou en hulle geld daar gedra.
- Nehemia het sy klere uitgeskud en gesê dat enige iemand wat hierdie eed verbreek, net so uitgeskud sal word.
- Die hele volk het die handeling beantwoord met 'n duidelike bevestiging: Amen.

2. Eie offervaardigheid

Vers 14-19 lewer bewys van Nehemia se eie liefde en bereidwilligheid om op te offer vir sy volk.

Nehemia is kort na sy vertrek uit Susan deur Artaxerxes as stadhouer van die provinsie Juda benoem.

- Hy was dit vir 12 jaar lank van 445 tot 433 v.C.
- Kragtens sy amp was hy geregtig op “goewerneysbrood”.
 - Dit was 'n soort belasting wat die inwoners in ware aan die goewerneur moes betaal.
 - Die belasting was bedoel om in die huishouding van die goewerneur se behoeftes te voorsien.

Nehemia se voorgangers het baie ruim van hierdie belasting gebruik gemaak, want die volk moes hulle met lewensmiddele versorg en daarby nog 'n bykomende 40 silwerstukke betaal.

- Dis baie moeilik om in ons geldwaarde van vandag te bepaal hoeveel dit is, veral omdat verskillende dinge se waardes oor die tyd baie verander het.
- Veertig sikkels silwer was tien sikkels meer as wat die gemiddelde prys vir 'n stuk grond was. Met die dertig sikkels silwer wat Judas in die tempel neergegooi het, is die stuk grond van die pottebakker aangekoop.

Asof dit nie genoeg was nie, was die mense in die staatsadministrasie van die vorige regeerders ook baie veeleisend, want hulle het die volk nog verder afgepers.

Nehemia het dit nie gedoen nie.

- Sy motivering lê nie soos die ander goewerneys op die politieke of op die regsvlak nie.
- Nehemia het vrywillig vir al 12 jaar van sy stadhouderskap van hierdie reg van hom afstand gedoen.
- Sy motivering was sy geloof. Hy was bang vir die Here se straf as mens dinge verkeerd doen – u moet onthou dat die ballingskap nog baie vars in sy geheue was!

Hierdie uitspraak dui op sy eenheid en verbondenheid met die Here.

- Sy gewete het hom nie toegelaat dat hy ten koste van die Here se volk homself sou verryk nie.
- Paulus het dieselfde standpunt gehad oor die Nuwe-Testamentiese gemeente van Filippi (Filippense 4:14).

Maar al was Nehemia se inkomste self baie gesny deur sy afstand van hierdie bepaalde reg, het hy steeds baie opgeoffer vir die volk se welsyn.

- Ons moet net onthou dat die volk die kerk van daardie tyd was!
- Hy het byvoorbeeld baie ruim bygedra vir die kostes verbode aan die herbou van die muur.
- Hy het ook nie grond of landgebied aangekoop nie – dit was destyds die mees gebruiklike manier om geld te belê..

Daarby het hy ook nog 150 mense uit sy eie volk aan sy tafel kos gegee. Dan het hy ook nog 'n aantal mense uit die omringende volke kos gegee.

- Dit is nie seker hoe die mense by Nehemia uitgekome het nie.
- Moontlik was dit van die mense met wie hy kontrakte gehad het vir die lewering van bepaalde voorrade vir die herstel van die muur.

Ondanks dit alles, het Nehemia niks van die volk gevra nie.

- Hy het hierdie opoffering gemaak omdat hy besef het dat sy volk reeds swaar dra aan belastings aan die Persiese owerheid.
- Daarby moes hulle ook baie uitgee vir die herbou van die stad en die muur en die tempel.
- Dis ook waarom hy bid dat die Here hom tog sal seën vir hierdie edelmoedige opoffering wat hy maak vir die Here se volk.

Nehemia het sy regeringsamp dus baie op dieselfde styl as die Here Jesus beoefen.

- Die Here Jesus het ook groot skares gevoed.
- Hy het ook soos Nehemia sy mense uit hulle skandes uit gered en weer in hulle eer herstel.

Die Here Jesus moes dit net onder heeltemal ander omstandighede as Nehemia doen.

- Nehemia kon die leiers van die volk aantree oor hulle onbesonnenheid en afpersing waardeur die res van die volk verarm en verneder geraak het.
- Hy kon ook die volk se hulp inroep in 'n volksvergadering om die saak tot 'n skikking te dryf en daarna die priesters gebruik om hierdie saak te beëdig.

Maar Jesus moes self teregstaan vir die hele volk en vir die leiers van die volk se sondes.

- Inderdaad was dit die volk wat teen Jesus gedraai het en geskreeu het dat sy bloed op hulle en hulle kinders moes neerkom.
- Terwyl hierdie skares nog om die kruis gestaan het, het die Here Jesus gesterf.
- Hy het alles wat Hy gehad het, gegee – sy lewe en sy liggaam en bloed tot in die dood toe.

Toe het Hy die dood oorwin.

- Daarmee het Hy die armoede wat die sonde in ons bewerk verslaan en ons daarvan vrygemaak.
- Soos wat Nehemia die volk se besittings wat hulle verloor het, laat teruggee het, so het die Here Jesus self die lewe wat ons verloor het en die beeld van die Here wat ons dra, wat ons geskend het, teruggegee.

Sy verlossingswerk oor ons was herskeppend van aard. Ons is deur sy dood herstel in die rykdom van God se genade dat ons mag toetree tot sy koninkryk en daar lewe tot in ewigheid.

As ons nou die kruisdood van die Here Jesus saamlees met die persoonlike offervaardigheid van Nehemia om die kerkvolk van die Here en die stad en tempel van die Here weer te herstel, behoort dit ons ook weer te laat dink aan ons eie offervaardigheid teenoor ons medemens en teenoor die Here se kerk.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 107:1 (p. 533)

- 1 Loof God, omdat Hy goed is, / en goed is sonder end!
Meld dit, al wie behoed is, / verlos is uit ellend;
wat God uit elke land / in vryheid weer herstel het,
vry van die slaweband, / waarmee hul hom geknel het.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Hulpdienspredikant Gereformeerde Kerk Clanwilliam
Datum: 21 Julie 2013